

Hoop volkome en leef heilig tot eer van God. (I Pet 1:13-22)

Gebed

O God, na die vorige gedeelte is ons as vreemdelinge met vreugde gevul oor U soewereine werk en krag. As ons dan nou vandag U Woord open, gee dat ons met energie soek in hierdie gedeelte na die waardevolste Skat. Gee ons helderheid van verstand om die gedeelte te verstaan. Maar Here, laat dit nie net daar bly nie vul ons hart daarmee. Maak die inhoud van U evangelie ons enigste hoop, want ons weet dit wat ons passie is, beheer ook hoe ons lewe. Laat ons 'n heilige, liefdevolle lewe lei, want U is heilig.

Amen

Skrifoordenking

1. Inleiding

Petrus het God se soewereine krag besing in verse 3-12 en nou kan hy die onderwerp van 'n heilige lewe begin. Ons het in die vorige gedeelte daarna gekyk en dit genoem: Verlossing: My vreugde as 'n vreemdeling. Vandag kyk ons na verse 13-22. Ons kry drie opdragte daarin.

2. Hoop volkome

13 Daarom,

*omgord die lendene van julle verstand
en tree nugter op;
hoop volkome op die genade*

wat tydens die openbaring van Jesus Christus vir julle gebring sal word.

14 As *gehoorsame* kinders

moet julle nie lewe in ooreenstemming

met julle natuurlike begeertes van vroeër,

toe julle nog sonder kennis was nie.

15 Intendeel, soos Hy wat julle *geroep* het *heilig* is,

moet julle hele lewenswandel heilig wees.

16 Daarom staan daar *geskryf*: "Wees *heilig*,

want Ek is heilig." (I Pet 1:13-16, 2020)

Ons teks begin met begin met "daarom", wat terug verwys na God se groot ontferming en sy groot krag waarmee hy ons die verlossing geskenk het. Dit het ons met blydschap gevul. Hier beklemtoon hy nou 'n ander eienskap van God: Sy heiligheid. Sy heiligheid is die rede vir hierdie paragraaf: *want Ek is heilig*.

Ons kry ons eerste opdrag in die eerste sin: Daarom, ... *hoop volkome op die genade*

Om te hoop is iets wat in die hart gebeur, 'n emosie. Hoe voer mens 'n opdrag uit om jou hart te vul met 'n emosie? Petrus gee ons twee sekondêre opdragte om te doen om daarby uit te kom:

Die eerste: *omgord die lendene van julle verstand*. In Petrus se dae het hulle mos 'n rok gedra. As jy vinnig wou hardloop moes jy die rok optrek en dan vasmaak by jou heupe sodat

jy vrylik kan hardloop. Dis die beeld hier: Vat dit weg wat jou verstand keer om vinnig te hardloop.

Die tweede is: *en tree nugter op*. Die beeld hier is dat iemand wat dronk is nie helder kan dink nie.

So die twee dinge wat ons moet doen om die “hoop volkome” opdrag van die hart uit te voer het met die verstand te doen. Die verstand gaan terug na die “daarom”, na al die redes om God te loof en prys en voer dit na die hart om passievol te kan hoop op daardie genade.

Moenie die woordjie “volkome” hier mis nie. Dis jou enigste hoop! Soos ons belydenis sê: Ons enigste hoop is dat ons aan Jesus Christus behoort. So ons kennis is nou nog ten dele, maar as Hy weer kom sal Hy hom ten volle openbaar.

3. Leef heilig

Vers 14 beskryf ons nou as gehoorsame kinders. So, in vers 13 dit het begin by die verstand, oorgevloei na die hart en dit gevul met hoop en nou gaan dit oor na die liggaam om gehoorsaam te wees. Verse 14 tot 16 wys vir ons hoe.

Hy begin eers in vers 14 om te wys wat ons nie moet doen nie. Ons volg die indentering en begin vers 14 van onder af terug:

1. Julle het God nie geken nie, was sonder kennis
2. Toe het julle ander goed begeer
3. en daarom het julle julle lewe ingerig om dit te kry

Vers 14 het vir ons gewys wat om nie te doen nie, vers 15 wys nou wat ons moet doen, ons tweede opdrag: *14 As gehoorsame kinders... moet julle hele lewenswandel heilig wees.*

Die rede hoekom ons so anders moet leef, is eerstens omdat hy ons geroep het. Hier vewys hy terug na vers 2, uitverkore vreemdeling en dit het gelei na vers 3 se nuut verwek. Die tweede is omdat Hy heilig is. Hy die heilige kies, Hy roep en Hy bring die wedergeboorte. Daardie kennis lei na hoop en gehoorsaamheid. Dis opvallend dat Hy dan juis die tweede rede uit die Skrif, die bron van ons kennis, aanhaal.

1Die Here het vir Moses gesê: 2“Praat met die hele gemeente Israel en sê vir hulle: Wees heilig, want Ek die Here julle God is heilig. (Lev 19:1-2)

Ons kan nie ’n verhouding met God, die heilige, maar ook die Vader, hê as ons nie heilige gehoorsame kinders is nie. Die enigste manier hoe dit kan gebeur is om die kennis te ontvang dat dit alles van Hom af kom, dan is dit jou volle hoop en vloei dit oor na ’n nuwe lewe.

4. Tree dan met ontsag op: Leef tot Sy eer.

*17En aangesien julle Hom as Vader aanroep,
wat onpartydig oordeel, volgens die optrede van elkeen,
tree dan met ontsag op (lewe dan in eerbied vir Hom, 1983)
in die tyd van julle vreemdelingskap.*

18 **Julle weet tog** dat julle *nie met iets vergankliks* soos silwer of goud *losgekoop is* uit julle *sinlose leefwyse* wat deur julle voorvaders aan julle oorgelewer is nie, 19 **maar dat julle losgekoop is** met die *kosbare bloed* van Christus, Hy wat soos 'n lam is, *vlekloos en sonder liggaamsgebrek.* (1 Pet 1:17-19, 2020)

Vers 14 het van ons gepraat as gehoorsame kinders. Hierdie vers sluit nou daarby aan met die implikasie: Aangesien... Die implikasie dat ons hom as Vader, wat heilig is, mag aanroep maak ons bang, want hoor hoe stel hy dit in vers 17: **Hy oordeel volgens die optrede van elkeen.** Dis juis hoekom hy in die begin vir ons gesê het om terug te gryp na ons kennis van God. Hy openbaar Homself nie net as regverdigde God wat oordeel nie. Daarom spring vers 18 terug na die wonderlike Evangelie presies met daardie aanslag van *"Julle weet tog..."*

Dan wys hy ons is losgekoop. Waarvan? Van die oordeel! Daardie loskoop is nie met goud nie, maar deur die kosbare bloed van Christus. Wat is die rede dat ons van die oordeel losgekoop moes word? Ons het 'n sinlose lewe gelei. Nie 'n lewe volgende God se wil nie, maar hoe ons by ons voorvaders geleer het. Net soos in die Ou Testament moet 'n lam geslag word vir ons sonde. Iets moet in ons plek sterf. Die enigste Mens wat ook volkome heilig was: vlekloos en sonder gebrek. Ons hoef nie bang te wees vir God se oordeel nie. Ons weet tog...

Wat moet ons dan doen as ons dit alles verstaan in hierdie tyd waarin ons leef as vreemdelinge? Dit is ons derde opdrag in vers 17, iets wat ons van harte wil doen *"tree dan met ontsag op (lewe dan in eerbied vir Hom, 1983)*

Ons lewe nou so dat mense nie ons ou sinlose lewe sien nie, maar die kosbaarheid van Jesus Christus. Dat hulle Hom sien as die vlekkelose Lam wat ons losgekoop het van daardie sinlose lewe. Hy is ons enigste skat is – meer waardevol as silwer en goud. As mense dan sien dat ons in hierdie tyd as vreemdelinge anders leef en optree en selfs in swaarkry, op God alleen vertrou, kry Hy die eer. Dis 'n lewe in ontsag vir Hom, 'n lewe in eerbied vir Hom.

20 **Hy is wel vooraf geken,** voor die grondlegging van die wêreld.

*Hy is egter eers in hierdie eindtyd **geopenbaar,***

ter wille van julle 21 wat

deur Hom

glo in God

*wat Hom **uit die dood opgewek en heerlijkheid aan Hom gegee het.***

Daarom** is julle **geloof en hoop op God gerig.

22 Omdat julle julle innerlike in gehoorsaamheid aan die waarheid

*tot ongeveerinsde **broederliefde gereinig het,***

*moet julle mekaar **innig met rein harte liefhê.** (1 Pet 1:20-22, 2020)*

Petrus som vandag se gedeelte hier in verse 20-22 vir ons so op:

Ons kennis van God

lei tot geloof en hoop op Hom

wat oorvloei tot 'n heilige lewe

Kom ons kyk nou hoe hy dit vir ons inkleur:

God het Jesus Christus geken nog voor die grondlegging van die wêreld. Ter wille van die vreemdelinge wat die brief kry, is hy eers in hulle tyd geopenbaar. Maar dis nie net vir Petrus se lesers nie, dis ook vir ons wat hier lees, want hier staan, vir julle wat glo in God. Hy beklemtoon dan weer twee dinge wat God gedoen het:

Hy het ons die geloof gegee

en Hy het Jesus Christus uit die dood opgewek en aan Hom heerlijkheid gegee. So ons is nie net losgekoop van ons sonde deur Sy bloed nie, maar weet ook Hy hou ons erfenis en ons in bewaring tot Hy weer kom.

Juis daarom is ons geloof en hoop op God gerig.

Ons innerlike is dan so verander (deur die kennis van God) dat dit oorvloei in dae van gehoorsaamheid en broederliefde. As Petrus dan eindig met die opdrag: Julle moet mekaar liefhê, is dit nie iets wat ons moet probeer doen nie. Dit is 'n vreugde wat innig is en uit ons rein harte oorborrel.

5. Samevatting

Ons het vandag drie dinge gesien:

1. Ons is **geroep**
deur die Heilige:
Wees heilig
2. Die heilige Vader **oordeel**
volgens die optrede:
Tree met ontsag op
3. Ons kennis van God
lei tot geloof en hoop op Hom
wat oorvloei tot 'n heilige lewe

Petrus het ons eers opgeroep met: Daarom **onthou met julle verstand** en **hoop volkome** op die **genade** voor dit kon oorvloei tot 'n heilige lewe.

En al oordeel die Vader volgens optrede, hoef ons nie te bekommer nie, want:

Julle is losgekoop
deur die vlekkelose Lam **se kosbare bloed**
van julle sinlose lewe

By punt drie het ons dan gesien die manier hoe ons kennis van God kry wat lei tot geloof is:
God ken Christus vooraf, Hy openbaar Hom nou
en laat ons op Hom **hoop en glo**
Dit vloei dan oor tot 'n heilige lewe. Een van innige rein harte wat liefhet

So, ons tema vir vandag:

Hoop volkome
en leef heilig
tot eer van God

6. Oordenking

Ons het vandag weer nuwe dinge van God geleer. Gaan weer deur die teks en skryf neer wat jy van God en Jesus Christus, jou enigste skat, geleer het.

7. Dankbaarheid

Vandag se gedeelte het weer duidelik gewys hoe die kennis van God oorvloei in ons harte en dan na daad van gehoorsaamheid, in liefde. Waartoe dring die Heilige Gees jou vandag? Dink mooi hieroor na en skryf ten minste een, baie spesifieke, voorneme neer waarin jou vreugde vandag gaan oorvloei.

8. Aanbidding

Gebruik dit wat jy by jou oordenking en dankbaarheid neergeskryf het en sluit hierdie sessie af in gebed soos die Gees jou lei.

Vrede vir jou.